

Saterdag 11 Maart

Skrifgedeelte: Romeine 8:18-30

Fokusgedeelte: Romeine 8:26

Die Heilige Gees tree vir ons in met onuitspreeklike sugtinge

Soms hoor jy dat iemand sê: “Ek kan natuurlik vir jou bid.” Kan jy werklik bid? Wat is so natuurlik daaraan om te bid?

In ons fokusgedeelte lees ons van swakheid by gelowiges, en terwyl ons aan baie swakhede kan dink, word gebed hier uitgesonder as die swakheid waarmee die Heilige Gees ons help. Dit sê dat ons hulp met ons gebede nodig het.

Die betekenis van die woord wat hier met “bystaan” of “hulp” vertaal is, is pragtig. Die bedoeling is dat jy ’n swaar las moet dra en nou kom iemand en hy klim saam met jou onder die las in en hy help jou dra. So help die Gees ons met ons gebede om dit voor die genadetroon van God te bring. Hy pleit vir ons met onuitspreeklike sugtinge.

Iets van ons sugte en dat ons nie weet wat om te bid nie, sien ons in die geskiedenis van Hanna (1 Sam. 1:9-19). Wanneer ons diep ontroer is; wanneer ons hartseer is; geskok is – dan staan ons gedagtes stil en kan ons dit nie onder woorde bring nie. Jy verstaan nie. Jy weet net jy moet na God gaan.

Al staan jou gedagtes en woorde dan stil, al weet jy nie wat jy moet bid nie, weet dan dat die Heilige Gees vir jou intree, dat Hy vir jou pleit met versugtinge wat nie in woorde gesê kan word nie. Hy ken jou hart. Hy sal jou gebed voor die Vader help bring. En waar jy dalk teen God se wil bid of worstel of dink, sal Hy dit regmaak en reg voor die genadetroon van God bring. Hy pleit immers volgens die wil van God.

Sing: Psalm 90:1, 2, 9 (1936)

Ds. ASA (Stefaans) de Bruyn (Wilropark)